

Ons Kontrei

Ons mense se koerant sedert 1968

www.onskontrei.co.za

12 DESEMBER 2025 - JAARGANG 57-1706

R7.00 Inklusief

Telefoon: 027 213 2074

E-pos: info.onskontrei1@gmail.com

DAMSTAND

10 Desember 2025 - 75.47%

10 Desember 2024 - 95.28%

Reënval vir die week:

Geen

MBD Tel: 02721 32 6 32 (alle ure)
Begrafnisdienste
Vredendal

Beste in die weste



WKDM het onlangs die streek se polisiestasies vereer. Lees volledige berig op bl.3.
Foto: Verskaf.

Lees binne:

Grubotsing
op R362
bl 3

Atlete ontvang
toekennings
bl 7

Weervoorspelling vir die week

MBD Tel: 02721 32 6 32 (alle ure)
Begrafnisdienste
Vredendal

Don. 11/12	Vry. 12/12	Sat. 13/12	Son. 14/12
17°/34°	15°/25°	11°/26°	13°/31°

Ma. 15/12	Di. 16/12	Wo. 17/12
16°/37°	13°/30°	9°/26°

Inligting verkry vanaf AccuWeather 10 Des. 2025

Strandfontein Kersmark
Munisipale saal

5 - 20 DESEMBER 2025

Vry. 5de: 09:00 - 18:00
Sat. 6de: 09:00 - 18:00
Sondae: Geen mark

Ma. 8ste - Don. 11de
09:00 - 18:00

Vry. 12 Des (AANDMARK) 09:00 - 20:00
Sat. 13 Des: 08:00 - 15:00
BASAAR

Ma. 15 Des - Vry. 19 Des
09:00 - 18:00
Sat. 20 Des: 09:00 - 14:00

Navrae:
082 882 6434

Mooi-goed
Tuis-goed
Tel-goed
Speel-goed
Nou-goed

Koffiewinkel met ligte etes daaglik!
Kaart fasiliteite

Pretstep
A child in need is a need indeed

Fondsinsameling vir Kindersorg: Lambertsbaai
Dinsdag, 16 Desember

Beginpunt: H/V Petersenstr en Burrelstr.
Kaartjies: R50
Beskikbaar by Kindersorgkantoor tot 15 Desember
Beskikbaar by Beginpunt om 06:00.

Bring u eie water saam asb.

Afstand 4km
Donasies is baie welkom!

CEDEBERG ARTS FESTIVAL

2025

ARTIST TO BE RELEASE SOON

R50_{pp}

VENUE: CLANWILLIAM SPORTSGROUNDS

13 DECEMBER 2025

For more information or tickets contact 072 508 2103

Western Cape Government FOR YOU

INDIGENE MEDIA GROUP

Vat Jazzathon

Kersdiens oppi Hawe Lambertsbaai
23 Desember 2025
18:00

Ons nooi die gemeenskap en vakansiegangers uit na ons buitelig Kersdiens op die hawe

Diens word gelei deur:
Ds Farren Cloete
Ds Karla Smit

Toegang gratis
Bring eie stoele
Geen alkohol

AKTUELE NUUS

SAPD lê beslag op drank Handige wenke om kinders veilig te hou

Berig: Mariaan Smuts

Foto: Verskaf

CLANWILLIAM: 'n Operasie is op Vrydag, 28 November om 23:20 uitgevoer. 'n Lokvink is by 'n woning ingestuur om drank te koop.

Die lokvink het twee Black Label biere van die persoon gekoop. Die man kon nie 'n geldige dranklisensie aan sersant Fransman toon nie. Fransman het die persoon gearresteer. Beslag is gelê op die drank in sy besit. Die drank sal dien as bewysstukke.

Die dossier is aan speurder-adjutant-offisier Jannie Goeieman oorhandig vir verdere ondersoek. Die beskuldigde is reeds ondervra, gedagvaar en daarna vrygelaat. Hy het die datum ontvang wanneer hy in die hof moet voorkom. Hy moes teen 3 Desember 'n boete betaal. Hy het reeds die afkoopboete van R1500 betaal.



Van die drank waarop beslag gelê is.

Recreational fishing dates for West Coast rock lobster season

Press release

CEDERBERG/MATZIKAMA: The Minister of Forestry, Fisheries and the Environment, Willie Aucamp, is pleased to announce the designated recreational fishing dates for the 2025/26 West Coast Rock Lobster season, as follows:

- 20, 21, 27 and 28 December 2025
- 3, 4, 24, 25 and 31 January 2026
- 1 February 2026
- 21 and 22 March 2026

"These dates have been finalised following a thorough and science-based assessment to ensure that recreational opportunities are balanced with the long-term sustainability of our marine resources," said Minister Aucamp.

The dates were determined taking into account the West Coast Rock Lobster breeding season; alignment with weekends, public holidays and the festive season; and the timing of the low tide periods to maximise safe and responsible harvesting opportunities.

Fishers are requested to fish responsibly and to adhere to the regulations for recreational fishing. These include, but are not limited to, that fishing is prohibited on the days that are not included in the above list. Furthermore, fishers must hold a valid recreational permit and follow the bag and size limits. These measures collectively support stock recovery trajectories and contribute to ensuring that utilisation remains within sustainable

thresholds.

Recreational West Coast Rock Lobster Permits can be purchased at any South African Post Office or online via the Department's official e-permitting platform at: <https://www.fishing.dffe.gov.za>

The Department will continue to engage proactively with coastal communities, organised recreational fishing structures and all stakeholders to maintain a responsible and environmentally conscious recreational fishing environment.

"Thank you for your patience during the process of finalising and gazetting the dates," said Minister Aucamp. "Responsible recreational harvesting today safeguards the ecological integrity of our marine ecosystems and secures this heritage resource for generations to come."



Photo: Archive.

Persverklaring

Foto: Verskaf

CEDERBERG/MATZIKAMA: Met die Desemberavakansie wat landswyd momentum aanneem, waarsku Badisa dat kinders hierdie jaar aan verhoogde veiligheidsrisiko's blootgestel kan wees. "Die kombinasie van langer dae sonder toesig, veranderde roetines, verhoogde alkohol gebruik en die algemene feestyd-druk lei jaarliks tot 'n styging in voorvalle waarin kinders se veiligheid in gedrang gebring word," sê Karoline September, 'n maatskaplike werker by Badisa.

September sê die belangrikste beginsel is eenvoudig: ouers moet te alle tye weet waar hul kinders is. "Wanneer kinders sonder toesig rondbeweeg, word hulle blootgestel aan gevaar. Probeer so ver moontlik om kinders by die huis besig te hou sodat hulle nie in die strate hoeft rond te dwaal nie. As jy 'n werkende ouer is, moet jy jou kinders in betroubare sorg plaas," verduidelik sy.

Gedurende die feestyd verander baie gesinne se roetines. Ouers is meer sosiaal as gevolg van verskeie byeenkomste wat bygewoon word wat ook soms gepaardgaan met meer alkohol gebruik. Hierdie faktore kan kinders se veiligheid direk beïnvloed. "Ons sien elke jaar dat kinders makliker verwaarloos of selfs mishandel word wanneer volwassenes hul aandag verskuif na sosiale aktiwiteite. Ouers moet verantwoordelik omgaan met alkoholmisbruik en ten alle tye in die beste belang van hul kinders optree," sê September.

"Talle kinders swem in damme en ander plekke sonder toesig. Dit is 'n ernstige risiko. Ouers moet seker maak dat daar toesig is, en dat kinders nie alleen rondloop of alleen gaan swem nie," waarsku

September. Sy moedig ouers ook aan om openlik met kinders te praat oor gevare in die gemeenskap, en om duidelike reëls en perke vir die vakansie te stel.

Wanneer gesinne na besige plekke soos strande, winkelsentrums of feeste gaan, is voorbereiding noodsaaklik. September beveel aan dat ouers vooraf met kinders praat en verduidelik dat hulle naby hul ouers of familie moet bly. Jonger kinders moet hul volle name ken, asook hul ouers se name. "Dit help baie as 'n kind verdwaal. Ouers kan ook 'n eenvoudige armband maak met kontakbesonderhede daarop wat die kind kan dra. As die kind wegraak, kan iemand vinnig die ouers kontak. Kinders moet ook die noodnommer 10111 ken, en ouers moet vir hul kinders wys waarheen hulle kan gaan as hulle verdwaal, soos lewensredders op strande, opslaan polisie-eenhede, of die inligtingstoonbank in 'n winkelsentrum."

Badisa moedig ouers en versorgers aan om hierdie noodnommers byderhand te hou en dit ook met ouer kinders te deel. Vinnige optrede kan 'n enorme verskil maak wanneer 'n kind wegraak, beseer word, of in gevaar is.

Handige noodnommers vir die Desemberavakansie:

- **Polisie noodgeval: 10111**
- **Childline Suid-Afrika (gratis hulplyn vir berading en mishandeling): 116**
- **Algemene selfoonnoodnommer: 112**
- **GBV-oproepsentrum (meld mishandeling): 0800 428 428**
- **Hulplyn vir mensehandel: 0800 222 777**
- **Ambulans/mediese noodgeval: 10177**



Markie
Die Handelspos @Museum
Lambertsbaai
13 Desember 2025

Daar is nog plek vir stalletjies

Bespreek jou stalletjie by:
Helga Bouwer 066 208 6234
Ten bate van Sandveld Museum

STRANDFONTEIN BASAAR

SATERDAG 13 DESEMBER 2025
Basaar open 08H00!

ONS GAAN HEERLIK SAAM KUIER!!

Daar gaan vars vrugte, groente, vleisprodukte, hout, jaffels, roosterkoeke, basaarpoeding, ens. wees.

Kom geniet 'n heerlike middagete:
Braaivleis, wors, sosaties, slaai & tuisgebakte brood.

NAVRAE: GLOUIDIE 083 657 4158
DEBBIE 083 666 1361

NICHOLIS LOUW
live @
MBC MASKAM BREWING COMPANY

12 DESEMBER
20:00
R90.00 p.p

Kontak 082 501 3895 vir meer inligting

Oujaarsaand Dans
31 Desember 2025
Grootvlei Gasteplaas
Lambertsbaai

R250pp
Ligte etes
Kroeg
#tekoop
#cashless

20:00 till late

Kaartjies:
022-300 0070

Nadia Louw Hugo Niewoudt Wildberries

HOOF NUUS

Netjiesste stasie in die Weskus

Berig: Sersant Donn
Foto: Verskaf

DORINGBAAI: Doringbaai Polisiestasie is op Vrydag, 5 Desember tydens 'n galaseremonie te Riebeeck-Kasteel deur Weskus Distriksmunisipaliteit aangewys as die netjiesste polisiestasie in Matzikama, asook in die Weskusdistrik. Hierdie prestasie is 'n getuigenis van die harde werk en toewyding van die span om 'n skoon en gesonde werkomgewing te handhaaf.

Die span het hard gewerk om hierdie eer te verdien en hulle is dankbaar vir die erkenning. Hulle glo dat 'n skoon polisiestasie nie net 'n plesier is vir die

beamptes en besoekers nie, maar ook 'n positiewe impak op dienslewering het. Kaptein Schreuder wil graag sy dank betuig aan die polisielede vir hul bydrae en 'n spesiale dank aan hul skoonmaker wat elke dag haar bes probeer om die stasie netjies te hou. Kaptein Schreuder wil ook die SBV-span bedank wat vrywillig ingespring en kom help het om die vooraansig van die stasie op te knap. Doringbaai SAPD sal voortgaan om 'n skoon, netjiese en gesonde werkomgewing te handhaaf en hul standaard te behou.



Toekennings wat die stasie ontvang het.

Vrou sterf in tref-en-trap-ongeluk

Berig en foto: Verskaf


LUTZVILLE: 'n Alombekende vrou in Lutzville, **Susanna Jancke (38) (foto regs)** en 'n ma van 2 jong kinders het Vrydag, 5 Desember net na 21:00 tragies gesterf in 'n tref-en-trap-ongeluk in Stasieweg, naby die hoërskool.

Die SAPD patrollievoertuig was in Stasieweg onderweg na die polisiestasie toe hulle opmerk dat daar 'n persoon op die skouer van die pad lê. Hulle het verder ondersoek ingestel en ander nooddienste gekontak.

Die bestuurder van die voertuig het weggejaag van die toneel. AfriForum en Forum Sekuriteit se beheerkamer het die SAPD gehelp met die opsporing van die voertuig. Hy is Saterdag in Doringbaai opgespoor, waar hy gearresteer is en die voertuig aan die SAPD uitgewys is.

Die SAPD het beslag op die voertuig gelê. Die bestuurder van voertuig het reeds op Maandag, 8 Desember in die hof verskyn. Hy bly tans in aanhouding

waar hy weer op 18 Desember sal verskyn vir borgaansoek.



Nooddienste op die toneel.

Ongeluk ruk gemeenskap

Berig en foto: Verskaf

LUTZVILLE: Ses persone is Sondag, 7 Desember omstreeks 15:20 opslag dood in 'n kop aan kop botsing tussen 'n Avanza en 'n Ford Ranger bakkie op die R362 tussen Lutzville en Strandfontein, naby die Ebenhaeser-afdraai.

Onder die ses oorledenes was 'n babaseuntjie van ongeveer een jaar oud. Volgens kaptein Lena van der Westhuizen het 'n vrou, die 7de persoon kort na aankoms by Vredendal Hospitaal aan haar beserings beswyk.

Volgens getuies het 'n Quantam taxi met 'n sleepwaentjie in die rigting van Strandfontein gery met 'n Ford Ranger bakkie agter die Quantam taxi. Die bestuurder van

die taxi het gesien dat die Avanza wat op pad na Lutzville was, in sy baan inbeweeg en die bestuurder van die taxi moes na regs uitswaai om 'n botsing te vermy. Die Avanza het met die taxi se sleepwaentjie gebots en daarna met die aankomende bakkie. Die bestuurder van die bakkie is met die ambulans na Vredendal Hospitaal vervoer. Van der Westhuizen sê die SAPD ondersoek 'n saak van Strafbare Manslag. "Die ondersoek is tans nog in 'n vroeë stadium," sluit sy af.

Ons Kontrei het uitgereik na die familie, teen druktyd kon hul nog nie reageer nie.

WKDM oorhandig toekennings aan SAPD

Berig: Mariaan Smuts

Foto: Verskaf

CEDERBERG/MATZIKAMA: Die Weskus Distriksmunisipaliteit het met trots die netjiesste polisiestasies in die Weskustreek gekroon. Die goeie nuus is deur raadslid Leoné Venter van die WKDM bekendgemaak.

In die Cederberg munisipale area is die 1ste plek toegeken aan Graafwater SAPD. Die stasie het ook die prys vir die mees verbeterde sta-

sie ontvang.

In die Matzikama munisipale area is mees verbeterde stasie aan Nuwerus SAPD toegeken.



Sandveld Idols

Lambertsbaai

Wil jy graag die verhoog deel met?

Wicus van der Merwe|Leah|Eloff

27 Des • Uitdunne by Farmers Market Malkoppaan
29 Des • Wenners aangekondig by Koffiehuiskonsert



Wen lekker pryse

Deelnemers 16 - 25jr oud
Bring eie musiek saam

What's App kort video waar jy sing,
naam & kontak nr na 0829203444



LAMBERTSBAAI

KOFFIEHUISKONSERT 29 DES

Hekke open 17h00

KAARTJIES: (082) 920-3444

Boere Orkes

Stalletjies

Cashless bar



R180pp

MALKOPPAN KARAVANPARK 0/12: Gratis



NG KERK LAMBERTSBAAI BASAAR

Saterdag | 20 Desember | 09h30

KERKSAAL

- Braaivleis & Slaai
- Rou vleis
- Vrugte & Groente
- Koeke & Terte
- Gebak
- Pannekoek
- Jaffels
- Poeding
- Namaqua Coffee
- Teetuin
- Kindertafel & Vermaak
- Looitjies



Een betaalpunt
Kontant & YOCO fasiliteite



BRIEWE & RUBRIEKE

Dagboek 2025

Stuur gerus 2025 se datums na info.onskontrei1@gmail.com

CLANWILLIAM:
Kersfees Aandmerk
Vrydag, 12 Desember
vanaf 18:00 - 20:00
Grasperk langs die biblioteek

CLANWILLIAM:
Cederberg Arts Festival
Saterdag, 13 Desember
Clanwilliam Sportgronde
Navrae: 072 508 2103

LAMBERTSBAAI:
Markie
Saterdag, 13 Desember
Die Handelspos @ Museum
Navrae: 066 208 6234

LAMBERTSBAAI:
NG Kerk Kersmark
15 - 19 Desember

LAMBERTSBAAI:
Dinsdag, 16 Desember
Pret stap ten bate van Kindersorg.
Begin 06:00 h/v Petersen-
en Burrelstraat.

LAMBERTSBAAI:
Bacchas tot Bekker
Woensdag, 17 Desember
Oppiduin, Grootvlei Gasteplaas
Navrae: 082 920 3444

Ons Kontrei proudly displays the "FAIR" stamp of the Press Council of South Africa, indicating our commitment to adhere to the Code of Ethics for Print and online media which prescribes that our reportage is truthful, accurate and fair. Should you wish to lodge a complaint about our news coverage, please lodge a complaint on the Press Council's website, www.presscouncil.org.za or email the complaint to enquiries@ombudsman.org.za. Contact the Press Council on 011 484 3612.



Ons Kontrei

Ons mense se koerant

UITGEWERS:
Riaan Oberholzer
Marinda Oberholzer

REDAKSIE:
Annemarie Munnik 082 657 3182
edit.onskontrei1@gmail.com
Mariaan Smuts 082 926 9934
maaitjie@isales.co.za (Cederberg)

GRAFIESE ONTWERPER:
Marieta Swanepoel
info.onskontrei1@gmail.com

BEMARKING:
Annemarie Munnik 082 657 3182
ads2.onskontrei@gmail.com
Matzikama-area
Mariaan Smuts 082 926 9934
maaitjie@isales.co.za
Cederberg-area

VREDENDAL KANTOOR:
027 213 2074
acc.onskontrei@gmail.com

Gedruk deur: Inc. Print Solutions

God is genadig, maar die genadetyd loop uit

Fokusgedeelte: Openbaring 14:6-7

Dwarsdeur die Bybel leer ons God ken as 'n God wat lankmoedig en geduldig is (volgens Ps. 145:8). En tog, ten spyte van hierdie eienskappe van die HERE, ten spyte van die talle oproepe tot bekering, is daar steeds mense wat bly weier om na sy stem te luister. Tog skrik dit God nie af nie. In ons Skrifgedeelte sien ons hoe al die oproepe tot bekering deur die eeue saamtrek in een laaste wekroep tot die (goddelose)mens om hom uit sy onverskilligheid wakker te skud. Dit blyk uit die boodskap van die eerste engel, want as hy op die toneel verskyn, bring hy "n goeie boodskap". Die boodskap is "goed", omdat dit die mens, voordat die oordeelsdag kom, vir oulaas wil waarsku om God te dien (vs

6, 7). Hierdie oproep word versterk deur die tweede en derde engel wat die oordele van God aankondig. Die tweede engel wat die val van Babilon aankondig, die setel van die God-vyandige wêreldmagte (ook verwysend na die wêreld wat die mens so dikwels in sy diens aan die Here weglei, laat verkoel, laat versaak). Die derde engel wat die uiteinde van die goddelose beskryf deurdat hulle "die wyn van God se toorn onverdund sal drink" (vs 10-11). Uit hierdie gedeelte is dit dus duidelik dat, net voordat die oordeelsdag finaal aanbreek, daar een finale wekroep oor die hele aarde sal weerklink waarin die mens vir oulaas opgeroep word om God te dien (vs 6, 7).

Want dit is so, God is 'n genadige God, lankmoedig, vol liefde. In Christus het ons

dit gesien deurdat Hy vir ons sondes aan die kruis gesterf en betaal het. Ons sien dit ook in die herhaalde oproepe tot bekering. Tog moet ons beseef: die genadetyd gaan nie vir altyd bly nie. Eindelik loop die tyd ook uit ... Terwyl ons in hierdie genadetyd leef, mag hierdie gedeelte ons aanspoor om in ons diens aan die Here te volhard (vs 12). Mag die Heilige Gees ons die krag en genade daarvoor gee. En daar waar die lewe my dalk op 'n sypoor geneem het, keer terug na die Here. Waar ek dalk lout geword het, brand weer helder in sy diens. Doen dit vandag nog, voordat die tyd uitloop ...

Dominee Nelius van Rooy

Briewe & Meningsblad

Persone wie se opinie op die Briewe & Meningsblad geplaas word, gee hul subjektiewe siening van 'n situasie. Ons Kontrei se bestuur en personeel stem NIE noodwendig saam met 'n skrywer se mening NIE. Geen rassisme, naamskending of enige vorm van belediging sal geduld word nie.

Stuur gerus u menings na: redakteur.onskontrei1@gmail.com en verskaf asb u naam en kontaknommer onder aan, naamlose briewe sal nie oorweeg word nie. Weens gebrek aan spasie sal GEEN briewe met meer as 250 woorde aanvaar word nie of geredigeer word.

Waarheen gaan die geld?

"Ek moes 'n volle maand betaal om staanplek te kry. (R14 000 van 1 Des tot 2 Jan) Ek dink ek moes al Julie betaal om die plek te kry. Die deur van ons badkamer kon net kwart oopmaak, hulle het dit kom regmaak. Die geyser werk sleg, hulle het gesê dit sal môre vervang word. Ek dink die gras en plek kan beter versorg word. Hulle is behulpsaam, maar ek dink herstelwerk moes voor die tyd gedoen gewees het. Baie duidelik is daar niemand wat verantwoordelikheid aanvaar nie. (Daar kort 'n baas) SA probleem. Jammer die mooi plek gaan agteruit. Ons maak maar self reg en maak dit leefbaar." Skrywe van 'n kampeerder - Desember 2025.

Wat word met die geld van al die kampeers gedoen wat vir 3 weke MOET BESPREEK EN VOORUIT BETAAL. Die kampeers is onversorg - dooie grasperke, duwellig plaag, geysers wat nie werk nie, vuil storte en toilette, klere wasplekke en hangplekke is onfunksioneel. Geen persoon kan vir 'n week of minder bespreek nie. Dit moet vir 3 weke wees en ten volle vooruit betaal word. Die strand is onveilig en onversorg. Lewensredders is onttrek en Stasie 45 is gesluit. Dit as gevolg van die munisipaliteit se weiering om finansiële by te dra tot Stasie 45 se funksionering. Gevolglik het Strandfontein sy 'Blouvlag' status verloor. Braai-

plekke vir dagbesoekers is onfunksioneel. Mure wat hoogwater moet stuit - is vernietig en NIE herstel nie. Wetstoepassers is nie op hulle poste om drank gebruik op die strand en braaiplekke te beheer nie. Motorvoertuie raas en jaag op die toegangsroetes - geen wetstoepassers in sig nie. Minister Bredell, ek het aan jou 'n belofte gemaak dat ek weekliks sal skryf. Ons moet net onthou dat hierdie 'n 'paper trail' is. In die toekoms, en natuurlik as daar foute en eise hieruit voortspruit, sal hierdie skrywes daarvoor kan 'Pa staan'. Dus, soos in Mattheus, sal die 'ou vrou weekliks voor die onregverdige regter staan' - en haar klagtes dien. Of die regter daarop antwoord - dit is sy gewete - maar die briewe sal DAAR WEES.

Dokter SP Tredoux

Leef die doel van die vergadering uit

Graag wil ek verwys na die afgelope aanlyn vergadering rakende die HOP/IDP aan die inwoners van Matzikama en sekere leemtes uitwys.

1. My stelling eerstens: Die doel van 'n IDP vergadering is om die kapitaalbegroting aka as Kapitaalprojekte vir 5 jaar te bespreek, en dit is definitief nie gedoen nie.

2. Wat egter in die vergadering plaasgevind het, is dat probleme wat inwoners ondervind bespreek is, onder andere slimmeters, behuisingsprobleme, probleme met huiswinkels, onwettige strukture ensovoorts.

Bogenoemde uitdagings/probleme moet op 'n wyksvergadering bespreek en uitgetrap word. Daar is geen wesen-

like kapitaalprojekte bespreek nie.

3. Op 'n IDP vergadering moet die munisipale bestuurder aan die gemeenskap voorhou: Wat is vir die 5 jaar begroot? Aan watter vereistes is voldoen?

Ek reken die afgelope IDP het die projekte bevat vanaf 2022 tot 2027. Die groot vraag is wat is al gedoen aan die gebrekkige dorpsinfrastruktuur behalwe die stukkie van Voortrekker- en Kerkstraat wat geteer is met die goedkoopste tender?

4. Die rede waarom die IDP vergaderings aanlyn gedoen word, is omdat die munisipaliteit 'n vrees het vir toeloop van mense en konfrontasie wil vermy ten alle koste.

5. Wat opvallend was tydens die vergadering is dat die burgemeester nie 'n waardevolle inset kon lewer nie, wat dan

aan die ander sy rol in die groter munisipaliteit bevraagteken. Hoe vër is die posisie wat hy beklee vanaf 'n wit olifant?

6. Wil Matzikama Munisipaliteit versoek om terug te gaan na die tradisionele metode om die RDP deur te trap met die inwoners deur:

6.1 Vergaderings in elke dorp te hou, let wel nie van 10:00 tot 18:00 nie, maar 'n bepaalde tyd, byvoorbeeld 18:00 tot 19:00 om almal op een stadium te akkommodeer.

6.2 Vergeet van aanlyn... dit sluit 80% van inwoners uit.

6.3 Die opmerklike afwesigheid van opposisie raadslede, kleinlik en onaanvaarbaar, 'n bewys van hul karakter.

Ek hoor graag van julle.

Anoniem

Pasop vir die bedrieër

Ek is deur 'n man van Veldrift bedrieg van 'n R7500 (deposito). Hy moes vir my 'n Wendyhuis bou, waarna ek die res sou betaal. Ek het sy nommer by 'n vriendin gekry. Hy het haar mooi gehelp met 'n Wendyhuis, maar het besluit om 'n kans met my te vat en my te bedrieg. Hy het nooit binne die 2 weke soos belowe opgedaag nie, weke het maande geword en hy het later my nommer geblok.

Ek het na die Hof vir Klein eise gegaan om 'n saak te open. Hy is deur die balju met die dokumente bedien. Hy het nie vir die hofverskyning opgedaag nie. Die hofsak is later in my guns beklank. Toe die balju hom weer daarvan in kennis stel, het hy en sy gesin van adres verander. Dit is nie die eerste keer wat hy dit doen nie. Hy en sy gesin trek maar baie graag van plek tot plek na hulle mense bedrieg.

-Nomsa Mei

What is Christmas? It is
tenderness for the past,
courage for the present,
hope for the future.

- Agnes M. Pahro

AKTUELE NUUS

Toekenningsaand van Cederberg biblioteke

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

CLANWILLIAM: Cederberg Biblioteek het dié jaar hul eerste Biblioteek Toekenningsremonie aangebied. Die geleentheid het op Donderdag, 2 Desember by die skilderagtige Ramskop Natuurservaat plaasgevind. Dit was 'n historiese oomblik vir plaaslike biblioteekdienste in die Cederberg.

Die geleentheid, georganiseer deur Natalie Muller, senior bibliotekaresse van Cederberg Munisipaliteit was daarop gemik om die toewyding en verbintenis van biblioteekpersoneel regoor die streek te erken en te vier.

Elke personeelid het ter erkenning 'n sertifikaat vir uitstekende werk ontvang, vir hul volgehoue pogings om geletterdheid in hul gemeenskappe te bevorder en ook hul gemeenskappe met uitnemendheid te dien.

Verskeie ander toekennings is ook gedurende die aand oorhandig. Die Beste Uitstallingstoekening is aan Clanwilliam

Biblioteek gemaak. Die Beste Uitreikprogramtoekening is deur Algeria Mini-biblioteek ontvang. Elandsbaai Biblioteek het die toekening as Biblioteek van die Jaar ontvang.

Die Biblioteekdepartement het hul hartlike waardering teenoor die belanghebbendes wat bygedra het om van die geleentheid 'n sukses te maak, uitgespreek. 'n Spesiale woord van dank is gerig aan Hannes Beukes, Danny Jacobs, Ursula Carsten, van Departement Onderwys, wat ook die aand as gasspreker opgetree het, Danton Esua, hoof-finansiële beampte en burgemeester Azrial Scheepers.

Muller het ook die vrygewige borge bedank. Die aand was 'n viering van spanwerk, toewyding en die gedeelde missie om geletterdheid en gemeenskapsontwikkeling regoor die Cederbergstreek te bevorder. "Laat hierdie mylpaal die eerste van vele wees wat nog sal kom", het Muller gesê.



Van die personeellede van die verskillende biblioteke in die Cederbergstreek.

VLV handel suksesvolle projek af

Berig: Alta Wiese
Foto: Verskaf

VREDENDAL: Die VLVK projek vir 2025 was "Bejaardes maak saak". Die lede van VLV Vredendal het hierdie projek baie ernstig opgeneem. Bejaardes is die mense wat 'n wesenlike rol in baie van ons se lewens gespeel het, mense wat jou kan laat regop sit deur hul stories en lewenservaringe en mense by wie ons tot vandag toe steeds kan leer.

Die VLV dames het besluit dat daar hierdie jaar geen geskenke vir lede by die jaarlikse afsluiting gaan wees nie. Hulle wou eerder noodsaaklike produkte insamel sodat hulle by die end van die jaar 'n paar bejaardes kan bederf. Vanaf die eerste ledevergadering het produkte elke maand ingestroom en teen November het hul verstom gestaan deur lede se bydraes.

VLV Vredendal ondersteun die plaaslike

Tehuis vir Bejaardes. Hulle het hierdie jaar gefokus op die afdeling by die tehuis waar die meer verswakke bejaardes ge-huisves en versorg word. Op Donderdag, 4 Desember het van die bestuurslede bymekaargekom om die geskenksakke te pak. Elkeen van die 37 sakke is met sorg en liefde gepak en hulle kon hul selfs verras met 'n eetdingetjie.

En toe die wonderlikste deel - die uitdeel van die geskenksakke. Met behulp van die tehuis se personeel het bestuurslede die geskenke aan bejaardes uitgedeel. Wat 'n ongelooflike ervaring om die verbasing, entoesiasme en dankbaarheid te kon beleef. Met iets so mooi en klein kan jy iemand se dag heeltemal verander.

"Baie dankie aan al die lede van VLV Vredendal vir jul mooi harte en oop hande. So kon ons die jaar op 'n hoë noot afsluit, ons projek is voltooi, ons bejaardes is ons trots."



VLV bestuurslede.

Metodiste vroue hou ook stille protes

Berig en foto: Verskaf

VREDENDAL: Die Metodiste vroue van Namakwaland, Cape of Good Hope en Vredendal het op Saterdag, 6 Desember byeengekom en vanaf die Griekwa Kerk tot by die Metodiste Kerk in Vredendal 'n stille protes gehou.

Dit was ook die eerste distriksvergadering in Vredendal. Dit het gepas gevoel om dit af te skop met hul bydrae tot

die 16 Dae van Aktiwisme vir Geen Geweld teen Vroue en Kinders.

Met plakkate het hulle hul boodskap in stilte oorgedra.

"Ons wil ons opregte dank uitspreek teenoor Matzikama Munisipaliteit, in besonder Paolo Titus en die verkeersbeambtes wie ons begelei het in die optog," aldus Mary Stewe.



Die vroue wat deelgeneem het.

Potjiekos en Potbrood KOMPETISIE

LEKKER PRYSE OM TE WEN VIR BESTE POTJIE OF POTBROOD

Tyd: 10:00
Plek: Sandveld Museum Lambertsbai

CEBORG DEUR **JIMMY'S SAUCES**

Handelspos Markie Vanaf 10:00

30 DESEMBER 2025

POTJIEKOS TE KOOP VIR 13:00

Wildberries

TEN BATE VAN SANDVELD MUSEUM LAMBERTSBAAI

INSKRYWINGS **HELGA BOUWER** 066 208 6234

Skoenboks Geskenk

Help ons om vir 50 oumense wie se jaar nie so lekker was nie, met 'n heerlike ete en 'n geskenk te kan bederf.

Inhoud: (merk pakkies Mans of Vrouens)

- Waslap
- Tandepasta
- Seep
- Shampoo
- Armsmoer
- Skeermes
- Lyfroom
- Pakkie koekies
- Lekkerkories
- Iets van jou keuse

Datum: 17 Des 2025

Enige donasies is welkom

Gee af by **Hetta Saunderson** Kerkstraat 48, langs STB Bank

Teater Oppiduin
Lambertsbaai
17 Desember 2025
Bacchas tot Bekker
Regie: Tobie Cronje

Amorè Bekker

Plek: Grootvlei Gasteplaas Oppiduin
"Harvest Table" ingesluit
Kontant kroeg

Kaartjies R280.00 pp

www.quicket.co.za
Hetta Saunderson 0829203444

Mooiloop

Kom loop saam met Oom Johan Carstens vanaf Strandstraat 94 tot by Grootvlei Gaste Plaas en terug

Dae wat ons stap
4, 11 en 18 Desember 2025
3 Januarie 2026
Tyd: 7:30

Drink 'n Koffie halfpad by die Koffiewinkel by Grootvlei

Navrae: **Jacky Maree-Burger** 072 341 4732

INDEKS

Geklassifiseerd * Betrekkings * Bedankings * Kennisgewings

1. GELUKWENSING
2. STERFGEVALLE
3. IN MEMORIAM
4. BEDANKINGS
5. LENINGS
6. DIENSTE
7. DAGSORG
8. EETGOED
9. BETREKking
10. VERLORE / VERMIS
11. ALGEMEEN
12. BOTE / DIUK-TOERUSTING
13. LEWENDEHAWE
14. TROETELDIERE
15. GESOEK / BENODIG
16. MEUBELS
17. MUSIEK-INSTRUMENTE
18. RADIO / TV / VIDEO
19. TUINBOUdiENSTE
20. JUWELIERSWARE
21. BESIGHEIDS-GELEENTHEID
22. SPORTTOERUSTING
23. VAKANSIE
24. REKENAARS
25. KANTOOR-TOERUSTING
26. BOUMATERIAAL
27. BOUWERK / VERF
28. VERVOER
29. AKKOMMODASIE
30. TE HUUR
31. SEKURITEIT / WAPENS
32. FIETSE
33. MASJINERIE/IMPEMENTE
34. ONDERDELE / ENJINS
35. MOTORHERSTELWERK
36. SLEEPWAENS
37. MOTORFIETSE
38. WOONWAENS
39. VOERTUIE
40. EIENDOM
41. BETREKKINGS
42. BLINDINGS
43. ELEKTRIESE-WARE
44. GRASSNYERS
45. TE KOOP
46. TE RUIL

29 AKKOMMODASIE

DURBANVILLE: Veilige akkommodasie. Self-sorgwoonstel ten volle toegerus. 1Km vanaf Durbanville Medi Clinic. Netjies, swembad & braai patio, DSTV, Wi-Fi. Billikste pryse gewaarborg. Skakel Mev van Niekerk by 083 648 5858 of WhatsApp 065 528 6305.

Pasella Ads

PASELLA ADS WORD GRATIS GEPLAAS
Geen handelaars.

Slegs 10 woorde per advertensie word toegelaat.

TE KOOP: Groot hamster hok met 3 vlakke, so goed soos nuut (60 x 60 x 35cm) @ R900. WhatsApp 082 718 0586.

GRATIS: 2 Pragtige pronkduiwes om weg te gee, 076 351 2014.

Vir plasing van kennisgewings, tenders, veilings, betrekkings, gelukwensings, bedankings of enige ander advertensie. E-pos u inligting na info.onskontrei1@gmail.com of skakel 027 213 2074

Onderwyserdagviering binne Kring 5 vind luisterryk plaas

Berig en foto: Verskaf

VREDENDAL: Onderwysers wat graad 12 leerders ondersteun het, en ook skoolhoofde van alle skole binne Kring 5 kon opvoeders na die Onderwyserdag op 17 Oktober, saambring.

Daar is gefokus op die emosionele welstand van opvoeders om erkenning aan hulle toegewydheid, binne die Onderwyssektor te gee. Die groep is bederf met 'n lewendige boeremusiek-uitvoering deur Hannes Mostert en Loekie. Die Namatrappers van Steilhoogte Primêr het 'n pragtige uitvoering gegee en daarna het Leigh Kordom as gasspreker opgetree. Hy stel ook sy boekie "Awures en Xammi" aan die gehoor bekend. Almal is hierna trakteer op 'n maaltyd wat ondersteun is deur Lutzville Wingerde.

Die opvoeders het met unieke hooftooisels by die geleentheid opgedaag om 'n meer informele atmosfeer te skep. Tydens al die aktiwiteite wat plaasgevind het, is 'n magdom gelukkige trekkings gedoen en die hoofborg het geskenk-pakkies aan die opvoeders oorhandig. Die opvoeders het spesiale erkenning ontvang en die dag is verder gevier met opbouwende aktiwiteite om die spangees te verhoog.

Geestesgesondheid is noodsaaklik vir gesonde opvoeders en hoewel dit nie duidelik uitgespel is nie, het dit binne die dag se aktiwiteite na vore gekom: Daar word gefokus op die belangrikheid van beweging en hoewel 180 minute beweging nie uitgevoer is nie, was daar matige beweging deur een of twee dansaktiwiteite.

Gesprekke tussen die opvoeders het aangedui dat hul wel openlikheid kan handhaaf ten opsigte van stres, angstigheid en depressie en dat hul gebruik mag maak van dienste deur terapeute te spreek. Wanneer 'n persoon binne gesonde stres-verligting praktiese funksioneer, soos binne die natuur (in hierdie geval die golfbaan) en tyd saam met geliefdes, is daar tog wel ontlading van oor-

tollige stres. Geen mens word minder geag as jy bedag is op goeie gesondheidsorg nie.

Hierdie was die eerste Welweesdag wat aan opvoeders gebied is binne Kring 5 en die kringbestuurder, Chris Bam spreek die hoop uit dat dit op 'n jaarlikse basis kan plaasvind om erkenning aan hardwerkende opvoeders te verleen.



Die kringspan wat die funksie gereël het; Chris Bam (kringbestuurder), Susan Carstens, Rolene Steenkamp (borg), Stella Muggel, Guston Fredericks, Nico-len Meyer, Benette Greef en Blanche Montzinger.



Stuur gerus jou 2026 kalender-datums na:

Info.onskontrei1@gmail.com

MBD Begrafnisdienste
Vredendal
Tel: 02721 32 6 32 (alle ure)

Begrafniskennisgewings

GAGIANO
JACO

02/01/1968 - 03/12/2025

Begrafnisdienste: Maandag 15 Desember 2025 om 11:00 in die NG Kerk Vanrhynsdorp. Teraarbestelling, Vanrhynsdorp Begraafplaas.

OWIES

JOHN JOHANNES

26/04/1977 - 30/11/2025

Begrafnisdienste vind plaas op Saterdag 13 Desember 2025 vanuit die huis te Bloekomstraat, Lutzville om 09:00. Kerkdiens in die Gemeenskap saal, Uitkyk om 10:00. Teraarbestelling, Kleinplasie Begraafplaas.

STOUT

SUSANNA

06/02/1939 - 27/11/2025

Begrafnisdienste vind plaas op Saterdag 13 Desember 2025 vanuit die huis te Proteastraat 1697, Loeriesfontein om 09:00. Teraarbestelling, Loeriesfontein Begraafplaas.

STUURMAN

HENRIETTA CHRISTALINE

21/03/1975 - 07/12/2025

Begrafnisdienste vind plaas op Sondag 14 Desember 2025 vanuit die huis te Panoramasingel 28, Vredendal-Noord om 10:00. Kerkdiens in die Gemeenskapsaal Vredendal-Noord om 11:00. Teraarbestelling Vredendal-Noord Begraafplaas.

VAN DER WESTHUIZEN

DIRK

02/06/1955 - 05/12/2025

Begrafnisdienste vind plaas op Saterdag 13 Desember 2025 vanuit die Gemeenskapsaal, Lepelsfontein om 08:30. Kerkdiens vanuit die Rooms Katolieke Kerk Lepelsfontein om 10:00. Teraarbestelling Lepelsfontein Begraafplaas.

Kort op kontant? Ons kan help!

MASKAM CASH
Dorpstraat, Vredendal
027 213 3249

Om te sien of u kwalifiseer bring die volgende dokumente

SASSA Trekkers:
ID afskrif, betaalstrokie
Salaris Trekkers:
ID afskrif, salarisstrokie & 3 maande bankstaat

*Terme en Voorwaardes geld

LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of

DEED OF TRANSFER NO. T31442/2000

passed by **THE EXECUTRIX IN THE ESTATE OF THE LATE GERT JACOBUS ERASMUS COETZEE** Estate No. 12322/99

in favour of

ERASMUS JOHANNES BURDEN
Identity Number 610113 5160 000
Unmarried

in respect of certain:

ERF 222 LUTZVILLE, in the Matzikama Municipality for the area of Vredendal, Division of Vanrhynsdorp, Province of the Western Cape. Extent 1212 (one Thousand Two Hundred and Twelve) square metres

which has been lost or destroyed.

All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds: Western Cape at Cape Town, 4th floor, Information Desk, 2 Riebeek Street, Foreshore, CAPE TOWN, within two weeks from the date of the publication of this notice.

Dated at **VREDENDAL** this 4th day of **DECEMBER 2025**.

Applicant: DOWNING ENGELBRECHT INC on behalf of Erasmus Johannes Burden
Address: 17 WATERKANT STREET, PO BOX 419, VREDENDAL, 8160
E-mail address: deeds2@eprok.co.za
Contact Number: 027 213 3024



MUNICIPALITY MATZIKAMA
MUNISIPALITEIT

NOTICE/KENNISGEWING

GOEDKEURING VAN DIE MUNISIPALE RUIMTELIKE ONTWIKKELINGS RAAMWERK (MROR) & KAPITALE INVESTERINGSRAAMWERK (CEF) & LANGTERMYN FINANSIËLE BEPLANNING (LTFF)

Kennis geskied hiermee dat die Munisipaliteit die finale konsep van 'n vyf-jaar Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (MROR) en voortspruitende Kapitale Investerings Raamwerk (CEF) en Langtermyn Finansiële Beplanning (LTFF) ingevolge die Wet op Plaaslike Regering, 2000 (MSA, Wet 32 van 2000), die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, 2013 (SPLUMA, Wet 16 van 2013), die Wes-Kaapse Wet op Grondgebruikbeplanning, 2014 (LUPA, Wet 3 van 2014) en Matzikama Munisipaliteit: Grondgebruikbeplanning (die Verordening soos per Provinsiale Koerant No 7494 van 18 September 2015) tydens die Raadsvergadering gehou op 27 November 2025, goedgekeur het.

NOTICE: ADOPTION OF THE MUNICIPAL SPATIAL DEVELOPMENT FRAMEWORK (MSDF) & CAPITAL EXPENDITURE FRAMEWORK (CEF) & LONG-TERM FINANCIAL PLANNING (LTFF)

Notice is hereby given of the Municipality's adoption of the final draft five-year Municipal Spatial Development Framework (MSDF), along with the resulting Capital Expenditure Framework (CEF) and Long-Term Financial Plan (LTFF), in terms of the Municipal Systems Act, 2000 (MSA, Act 32 of 2000), the Spatial Planning and Land Use Management Act, 2013 (SPLUMA, Act 16 of 2013), the Western Cape Land Use Planning Act, 2014 (LUPA, Act 3 of 2014), and the Matzikama Municipality: Land Use Planning By-law (as per Provincial Gazette No. 7494 of 18 September 2015), during the Council meeting held 27 November 2025.

LJ PHILLIPS
MUNISIPALE BESTUURDER/
MUNICIPAL MANAGER
KENNISGEWING NO/
NOTICE NO: K22/2025

MUNICIPAL OFFICES,
37 CHURCH STREET
PO BOX 98
VREDENDAL, 8160
TEL: 027 201 3300

www.matzikama.gov.za 152513

KOPIEREG

Geen berig, foto, artikel of advertensie wat in die ONS KONTREI verskyn het mag sonder verlof van die Redakteur gereproduseer word nie, ingevolge Artikel 12 (7) van die Wet op Outeursreg van 1978.

ONS KONTREI se redaksie deel nie noodwendig die menings van lesers, adverteerders of korrespondente nie. Uitgegee deur Protea Drukkery, Sentraalstraat 8, Vredendal 8160.

Uitgewer:

Riaan Oberholzer,
Posbus 140
Vredendal, 8160
Tel (027) 213 2074
Faks (027) 213 2075

Namaqua atlete toekenningsaand

Berig: Elna Esterhuyse
Foto's: Verskaf

VREDENDAL: Die jaarlikse toekenningsgeleentheid van Namaqua Atletiek-klub het op Donderdag, 4 Desember plaasgevind tydens die jaareindfunksie by die Red Ox, die Keldery. Die toekennings gaan nie net aan die beste atlete nie, maar dek deelname oor 'n wye veld. Die volgende atlete het vanjaar erkenning gekry vir volgehoue deelname en prestasies gedurende 2025: Karin en Stephanus Burger - Beste Park-run-deelname. Werner Rossouw en Theo van Zyl - Beste Trail-deelname. Elizabeth Badenhorst en Melanie Cruywagen - Beste Extreme atlete. Aninda Maass - Beste Nuweling: Dame. Cameron Beukes - Beste Nuweling: Man. Sharon Calitz: Bittereinder: Dame. Danie Calitz: Bittereinder: Man. Elizabeth Badenhorst - Beste Vordering. Sharon Calitz - Beste Presteerder: Dame. Colin Makatees - Beste Presteerder: Man. Colin Makatees - Klubkampioen 2025

Namaqua het ook vanjaar 'n hele aantal junior atlete wat veral in velditems uitgeblink het en daarmee hulle Namaqua medaljes verwerf het. Die twee atlete wat uitgeblink het tydens die SA-byeenkoms van ASA, het met die trofee-louere weggestap. Hanna Stemmet Beste Junior Atleet: Dogter en Jandré Esterhuyse - Beste Junior Atleet: Seun. Die klub is bevoorreg om ook die afrigter, Karin Thiart, as lid van die klub te hê. Hulle groet ook vanjaar vir Henry Scholtz wat na baie jare Vredendal en ook Namaqua Atletiekklub verlaat. Namaqua is trots op al die atlete wat vanjaar so aktief was en sien uit na die 2026-seisoen. "Ons dank aan Namaqua Wines vir hulle ondersteuning, veral ook wat die ontwikkeling van atlete betref." Atlete wat belangstel om by die klub aan te sluit, kan vir Adele Maass (083 627 7759) of Elna Esterhuyse (083 701 1316) kontak.



Hanna Stemmet en Jandré Esterhuyse.



Sharon en Danie Calitz.



Stephanus en Karin Burger.



Theo van Zyl en Werner Rossouw.



Aninda Maass.



Cameron Beukes.



Collin Makatees.



Elizabeth Badenhorst en Melanie Cruywagen.

Jarelange 'Namaqua-ners': Agter is Adrian Eksteen, Alwyn Maass, Carin Lochner en Sanet Calitz. Voor is Brenda Smith, Adele Maass, 'Uncle Henry' en Elna Esterhuyse.

WEST COAST DISTRICT MUNICIPALITY

West Coast District Municipality strives towards rendering a dynamic and effective service to the community under its jurisdiction. As an Employment Equity employer, we currently offer this vacancy to appropriately qualified and experienced individuals.

DEPARTMENT: OFFICE OF THE MUNICIPAL MAGAGER
DIVISION: OFFICE OF THE MUNICIPAL MANAGER

SENIOR EXECUTIVE SUPPORT OFFICER: MUNICIPAL MANAGER (1 POST)

Salary: R420 526.85 - R545 877.69 per annum (TASK grading 12)
Centre & Reference: Moorreesburg (1) - MM 2

Full details of the above posts are available on our website at:
www.westcoastdm.co.za/vacancies

Closing Date: Friday 19 DECEMBER 2025 at 14:00

In addition to the salary mentioned for the permanent position and subject to certain conditions, the District Municipality offers competitive fringe benefits, such as housing subsidy, furniture removal, a 13th cheque, membership of retirement and medical aid funds.

The prescribed application forms are available during office hours from Ms P Boer on 022- 433 8400 or on the website at www.westcoastdm.co.za/vacancies.html. Completed application forms, accompanied by comprehensive CVs and certified copies of diplomas / certificates / registrations and driver's licenses, are to be submitted on the Website or hand delivered or by Courier to the West Coast District Municipality, Human Resources: Recruitment and Selection, 58 Lang Street, Moorreesburg, 7310.

Please Note: Council reserves the right not to make an appointment. No late applications or applications via fax or e-mail will be accepted. CVs will not be returned to candidates. Canvassing will disqualify a candidate. Should no feedback from this office be received within 60 days of the closing date, candidates may assume that their applications have been unsuccessful.

STEENKAMPSKRAAL MONAZITE MINE

NOTICE: STEENKAMPSKRAAL MONAZITE MINE (SMM) BUSINESS OPPORTUNITY – STAFF & SCHOOL TRANSPORT (2026)

Steenkampskraal Monazite Mine (SMM) invites prospective local SMME transport/taxi owners to apply for a 12-month Business Opportunity for the provision of staff and school transport services from January 2026 to December 2026.

This opportunity includes a fixed monthly rate and a Service Level Agreement for the full contract period.

AVAILABLE BUSINESS OPPORTUNITIES:

- 1: STAFF TRANSPORT** (Kliprand / Bitterfontein / Nuwerus / Vanrhynsdorp Areas)
 - 1 x 16-seater taxi per town
- 2: SCHOOL TRANSPORT** (Bitterfontein Area)
 - 1 x 16-seater taxi
- 3: SCHOOL TRANSPORT** (Bitterfontein / Nuwerus Area)
 - 1 x 16-seater taxi
- 4: SCHOOL & ALL-PAY TRANSPORT** (Kliprand, Nuwerus & All Pay Kliprand and Vredendal Service)
 - 1 x 16-seater taxi

If you are interested and would like to receive the detailed information pack, please email: socialdevelopment@steenkampskraal.com

Closing date for applications: 7 January 2026

SMM supports inclusive local economic development and encourages local transport owners to apply.

KENNISGEWING: STEENKAMPSKRAAL MONASIE MYN (SMM) SAKEGELEENTHEID – PERONEEL- EN SKOOLVERVOER (2026)

Steenkampskraal Monasiet Myn (SMM) nooi voornemende plaaslike SMME-vervoer/taxi-eienaars om aansoek te doen vir 'n 12-maande Sakegeleentheid vir die lewering van personeel- en skoolvervoerdienste vanaf Januarie 2026 tot Desember 2026.

Hierdie geleentheid sluit 'n vaste maandelikse fooi en 'n Diensvlak-Ooreenkoms vir die volle kontraktermyn in.

BESKIKBARE SAKEGELEENTHEDE:

- 1: PERSONEELVERVOER** (Kliprand / Bitterfontein / Nuwerus / Vanrhynsdorp Areas)
 - 1 x 16-sitter taxi per dorp
- 2: SKOOLVERVOER** (Bitterfontein Area)
 - 1 x 16-sitter taxi
- 3: SKOOLVERVOER** (Bitterfontein / Nuwerus Area)
 - 1 x 16-sitter taxi
- 4: SKOOLVERVOER** (Kliprand → Nuwerus & All-Pay Kliprand → Vredendal Diens)
 - 1 x 16-sitter taxi

Indien u belangstel en die volledige inligtingspakket wil ontvang, stuur 'n e-pos na: socialdevelopment@steenkampskraal.com

Sluitingsdatum vir aansoeke: 7 Januarie 2026

SMM ondersteun inklusiewe plaaslike ekonomiese ontwikkeling en moedig alle plaaslike vervoer-eienaars aan om aansoek te doen.

Vredendal
parkrun/walk
5km stap of draf
Saterdag
om **7:00**
Parc de Lausanne

Registreer by
www.parkrun.co.za/vredendal


Ons Kontrei
Tel: 027 213 2074

Ons mense se koerant
SPORT NUUS
12 DESEMBER 2025

Adverteer
dit werk!
Skakel ons
kantoor vir meer
inligting,
027 213 2074

Spartan Hengelklub sluit die jaar af

Berig: Annemarie Munnik
Foto's: Verskaf

VANRHYNSDORP: Hulle sê 'n nuwe besem vee skoon en so voel Spartan Hengelklub oor hul klub. Frikkie van Dyk en sy span het hierdie klub 'n jaar gelede gestig en eers het hulle as vreemdelinge saam langs die damme gesit. Maar dit was nie lank nie, toe word hulle vriende en nou is hulle familie. Hierdie jaar was vol hoogtepunte, pret, gesonde uitdagings en gesonde kompetisie. Tog het hulle so nader aan mekaar gegroei dat hulle maandelikse kompetisie soos 'n familiekuier begin voel het. Van doop tot nuwe byname, van wurms eet tot skeef gooi, vir ander klink dit baie deurmekaar, maar vir hulle is dit gees. Saterdag, 29 November het hulle die jaar

afgesluit met 'n ongelooflike lekker kuier en die prysuitdeling by Namakamp gehou. Die volgende klublede het trofeeë of sertifikate ontvang: Megan Meiring ontvang die 1ste plek in die vroueafdeling, sy het ook die meeste visse vir een kompetisie tussen die dames gevang. Carima Visser ontvang 'n tweede plek in die vroueafdeling en afdeling rekord vir karp en baber en sy ontvang ook die trofee vir die Meeste Blanks vir die Jaar. Bianca Liebenberg is 3de en Lynette van der Merwe 4de. Ruan Nieuwoudt is 1ste by die mans, hy hou ook die klubrekord vir karp en baber en is ook Hengelaar van die Jaar. Frikkie van Dyk is 2de. In die 3de plek is Hannes van der Merwe. Aiden Koopman is 4de en

hou ook die klubrekord vir die swaarste sak vis vir een kompetisie. Theunis Nel hou die klubrekord vir meeste vis in een kompetisie. Charlton Mouton is in die 1ste plek in die juniorafdeling en hou ook die afdeling rekord vir 'n karp van 5.2kg. Zelda van Dyk is 2de en hou die afdeling rekord vir die grootste baber. "Spartan Angling Club wil graag elke lid en borg bedank vir 'n onvergeetlike aand. Baie dankie vir al ons borge wat saam ons die aand kom geniet het en vir julle ondersteuning deur die jaar. Sonder julle sou ons dit nie kon doen nie," aldus Frikkie van Dyk.



Charlotte van Dyk en Ruan Nieuwoudt.



Frikkie van Dyk en Charlton Mouton.



Aiden Koopman en Calvin Andrews is die jaar se Raising Stars.



Melvin Smit en Carima Visser.



Frikkie en Zelda van Dyk.

Vyf uit sewe vir boksklub

Berig en foto: Verskaf

VREDENDAL: Gold & Gloves het Saterdag, 6 Desember hulle laaste bokstoernooi op 'n hoë noot afgesluit met skitterende gevegte. Nuweling, Nickley Skippers neem aan sy eerste geveg as amateur deel en seëvier met 'n uitklophou in die derde ronde. Anthony Rooi, belowende Wes-Kaap kampioen en Suid-Afrikaanse bronsmedalje wenner doen sy eer gestand. Hy wen eenparig en word beloon as Beste Bokser van die Toernooi. Waldonay Solomans, David Fourie en JP Lambrecht klop hul teenstanders met punte en verdien lof vir die feit dat hul teenstanders die knieg buig in hulle eie agterplaas. Fourie het dié jaar matriek geskryf. Die



Aiden Adams, JP Lambrecht, Jo Naë Philander, Anthony Rooi, Albie van Zyl, David Fourie, Nickley Skippers en Waldonay Solomans.

klub verloor hom omdat hy universiteit toe gaan. Jo-Naë Philander en Aiden Adams gee die toeskouers waarde vir hul geld. Afrigter Albie van Zyl wens almal geluk met

uitstekende uitslae. Sy motto is, 'n goeie verloor is net so goed soos 'n goeie wen. "Hulle sluit die jaar af op 'n hoë noot. Ek belooft dat 2026 'n jaar van groot hoogtes gaan wees. Jou geleentheid is op pad,"

sluit Van Zyl af. Belangstellendes is welkom om vir Van Zyl te kontak by 082 738 5116.